



Derde uitgawe
2010

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Onder voorsitter – Brandon Roode
082 809 2037
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
083 377 7893
- Skakelbeampste—Christa Vermaak
083 388 4736
- Addisionele lede :
Otto Koekemoer
Ben Kruger
Martin Kruger

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@af.aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur.	1
Meeting of 1 May	2
Dig at Koega	6
Lede profiel	8
Mini skou	9
Nuwe talent kompetisie	10
Snippets	12
Vergadering van 5 Junie	13
Bonsai Kalender	16

The word Koeda is Japanese and means: ‘Graceful branch’. It is pronounced Ko-eda.

Van die redakteur.

Dagsê bonsai vriende

As ek na die vorige uitgawes van Koeda kyk, wat elk gemiddeld so nege bladsye beslaan het, kan ek seker soos die tydskrif mense sê dat hierdie ’n ‘bumper issue’ is met sy sestien bladsye. Dit is natuurlik te dankie aan bydraes van ons lede. Brandon het oor hulle “Dig” by Koega rapporteer, Wilma oor die mini uitstalling, Francois se bydra oor die bonsai kalender en die breedvoerige verslag van Daan oor sy praatjie oor grond. Baie dankie julle. Sulke bydraes maak die Koeda interessant en vir my lekker om saam te stel.

Gepraat van tydskrifte. Indien jy mooi na ’n tydskrif kyk bestaan hy hoofsaaklik uit advertensies. Dit is natuurlik hoe tydskrifte hulle inkomste maak want met verkope alleen sal hulle nie die mas finansieel opkom nie. Wat my by die aspek van advertensie bring. Hoe sou julle voel oor advertensies in die Koeda? En indien wel, moet ons die adverteerders ’n fooi vra? Wat van iemand soos Duncan wat reeds aan ons kai ’n diens verskaf met goedkoop potte en ander gereedskap? Laat ek bietjie hoor.

As ek so na hierdie uitgawe kyk, asook die bywoning van vergaderings (of soos ek liever wil sê, byeenkomste), is dit duidelik dat ons kai baie aktief is. Ek is seker almal geniet dit. Dankie aan die bestuur wat die dinge dryf! Org het versoek dat daar by elke vergadering ’n uitstalling van bome sal wees. Dit is oop vir enige iemand om ’n boom/bome na die vergadering te bring. Ek glo dit is ’n uitstekende plan en sal veral lekker wees vir nuwe lede. Daar is reeds uitstal rakke aangeskaf vir die doel. Neem dus asb deel hieraan.

Bonsai groete Jaco.



As ’n boom doodgaan, plant ’n ander op sy plek. Linnaeus.

Meeting of 1 May.

After a hours work on trees, or watching the work, the formal meeting took place. Org introduced Bonita Chilro, who is a representative for the Neutrog fertilising products. She gave us interesting facts regarding the products that Neutrog has on the market. It really seems that some of the products, especially the one called BounceBack could be used with great success on our bonsai. If you want information go to the Neutrog website.



Daarna het Daan du Toit met ons gepraat oor grondmengsels vir ons bonsai. Daan het die volgende aan my verskaf oor sy praatjie:

Wat ons moet weet van grond vir suksesvolle bonsai-kweking

Daar is meer aan grond en sy bydrae tot groei as wat ons bereid is om te erken. Grond is nie net daar om plante te anker nie. Dit het bepaalde eienskappe wat in kombinasie met klimaat, grondhelling en behandeling waaraan dit onderwerp word, 'n



bepaalde omgewing skep vir plantegroei. Soos hierdie omgewing verander so verander die plantsamestelling -- soveel so dat plantegroei vir die kenner 'n aanduiding is van grond en klimaat, en tot 'n mindere mate ook die behandeling waaraan dit blootgestel was.

Net soos so baie ander dinge het grond ook sy herkoms. Grond is in 'n meerdere mate die resultaat van wind en weer wat oor tyd moedergesteentes (" r o t s e ") opgebreek en fyngemaak het tot dit waarna ons verwys as grond. Die grootte van die deeltjies word na verwys as die grondtekstuur. Die belang van grondtekstuur lê in die fisiese eienskappe wat daarmee geassosieer word – soos w a t e r v a s h o u - e n – vrystellingsvermoë; deurlugting; asook dreineringsvermoë. Hierdie grond dra natuurlik verder ook die chemiese eienskappe van die moedergesteentes, soos kalk,

fosfaat, en verskeie spoorelemente. So het klimaat (en meer spesifiek reënval) weer 'n groot rol te speel in die pH (graad van suurheid) van grond.

Daar is reeds daarna verwys dat plantsoorte 'n bepaalde grondtipe en klimaat verkies. Ons moet natuurlik nooit die rol van plantegroei tot die bydrae van die fisiese eienskappe van grond misken nie. So dra dooie plantwortels by tot beter deurlugting, waterindringing- en dreineringsvermoë. Van plantreste van die dooie plantmateriaal op die grondoppervlakte, kompos, tot humus het elk 'n spesifieke



bydrae in die vorming van die fisiese toestande van grond. Daar is verskeie voorbeelde waarneembaar hoe plantegroei oor tyd 'n effek op die fisiese toestand van grond het. So kry

ons dat daar sekere plante is wat in bepaalde swak grondtoestande kan oorleef, die eerste is om verwaarloosde grondoppervlaktes te bedek – onkruide in ou lande en krale asook minderwaardige grassoorte op oorbeweide veld op plase. Indien die natuur toegelaat word om sy normale gang te gaan sal ons opmerk dat die plantegroei op sulke gedeeltes oor tyd verander

Vervolg op bl 3.....

Meeting of 1 May - continue.

toddat daar 'n punt bereik word waar hierdie situasie stabiliseer. Ons verwys hierna as plantsuksesie. Die geharde plante verander die fisiese grondtoestande in so 'n mate dat 'n volgende groep plante beter aangepas is om daar te groei totdat die klimaks plantegroei later gevestig is. Die behandeling waaraan grond onderwerp word speel ook 'n groot rol in die instandhouding of verandering van die fisiese eienskappe van grond. Gronde wat nie versteur word nie en waar die ou dooie plantmateriaal geleentheid het om onversteurd afgebreek te word tot kompos, vind ons dat die grond los en krummelrig lyk en voel. Oor tyd is die fyn gronddeeltjies in groter krummels aanmekaar gebind met humus (organiese materiaal). Behalwe daarvan dat dit die voedingswaarde van die grond verhoog dra dit ook by tot beter deurlugting en dreinerings. Deurdringbaarheid vir wortelgroei is ook beter.



Ons behoort hierdie kennis en ons observasie van wat in die natuur gebeur te gebruik en toepas in die skepping van 'n gewenste omgewing vir die kweek van bonsai. Plante groei nie net beter in die regte omgewing nie, dit het ook 'n effek op die leefouderdom.

Wanneer sulke grond onnodig versteur word word hierdie krummels opgebreek tot nadeel van die groeitoestande vir plante. Grond wat aan bewerking onderwerp word terwyl dit nat is kan weer sooivorming (ondeurdringbare grondkors) tot gevolg hê wat dreinerings en deurlugting benadeel.

Grondmengsels – die moets en moenies

1 Aspekte van belang in die voorbereiding van die grondmengsels

1.1 Chemiese samestelling



Grondmengsels moet die regte chemiese elemente bevat volgens die voorkeur van die spesifieke plant. Daardie bestanddele soos fosfate en spoorelemente wat moeilik in grond beweeg (nie maklik of moeilik wateroplosbaar is) behoort in die aanvanklike grondmengsel ingewerk te word -- veral as die plant 'n spesiale voorkeur daarvoor het. Die grond pH (graad van suurheid) is ewe belangrik. Dit het onder andere 'n invloed op die opneembaarheid van bepaalde spoorelemente. Oliehoud byvoorbeeld verkies grond ryk aan yster, maar indien die grond te suur is, is die yster nie opneembaar deur die plant nie en verkleur die blare wit, wat tot vrektes kan lei. Vervolg op bl 4.....

Die interaksie tussen verwerking van die moedergesteentes, klimaat, grondhelling, plantegroei en die behandeling waaraan grond onderwerp word, dikteer oor tyd die optimale groei omgewing van plante. Plante groei die beste waar hulle die beste aangepas is.

Waar laat dit ons in die beoeffening van ons stokperdjie (bonsai)?



Meeting of 1 May - continue.

1.2 Onkruid, siektes en peste
Die grondmengsel moet gesond wees vir die plante. Die grond wat gebruik word behoort skoon te wees van siektes en lastige onkruid. Tuingrond het gewoonlik al 'n opbou van siektes (veral aalwurm) en moet liefsvorm word.

1.3 Voorkoms
Die voorkoms van die grondmengsel moet nie te veel aandag trek nie. So byvoorbeeld sal wit growwe sand in 'n relatief donker grond-/ komposmengsel afbreek doen aan die algemene voorkoms van die uitstalling.

1.4 Grondmengsel moet "ryp" wees vir gebruik
Die grondmengsel word gewoonlik opgemaak met 'n mengsel van leemgrond, growwe riviersand, kompos en een of ander vorm van fosfaat om sodoende voorsiening te maak vir vrugbaarheid, deurlugting en dreinerings.

Dit word aanbeveel dat die grondmengsel dan 'n paar weke voor gebruik reeds saamgestel word. Sorg dat die mengsel nie te droog is nie en bedek met plastiek. Oppas vir uitdroging of uitloging. Werk die mengsel om na 'n week. Hierdie proses sal daartoe bydra dat die grondmengsel 'n nuwe hegte eenheid vorm.

Die kompos wat gebruik word moet liefsvorm word vir gebruik om groot stukke

onverwerkte materiaal te verwyder. Hierdie stukke pla in die poging om 'n mooi afwerking van die grondoppervlakte in die bak te kry. Boonop is dit nie goed vir plante as daar nog verdere afbreek van plantmateriaal (na kompos) in die groeibak plaasvind nie. Hierdie proses gebruik stikstof wat die beskikbaarheid van stikstof vir plantegroei negatief beïnvloed.

1.5 Berging
Dit is 'n goeie beginsel om genoeg van die grondmengsel aan te maak sodat daar grond beskikbaar sal wees om aanvulling in potte te maak soos wat die bakke grond verloor. Hierdie grond kan in die leë kompossakke gebêre word om te keer dat die grond uitloog. Maak seker dat die sakke aandui watter kompos gebruik is in die mengsel (suur of normaal).

2. Die grondmengsel self
Die standaard grondmengsel bestaan uit:

1 deel growwe sand
1 deel goeie (en gesonde) leemgrond
1 deel kompos
Beenmeel of superfosfaat (1 tot 2 koppies per 60 liter mengsel – dit is ongeveer 3 x 20 liter verfemmers)
Die growwe sand verwys na sanddeeltjies van 2 tot 3 mm in deursnee. Die riviersand word normaalweg gesif en/ of gewas om fyn stofdeeltjies te verwyder. Die kleur van die riviersand moet aanpas by die kleur van die res van die mengsel.

Leemgrond is grond met nie te hoë kleipersentasie nie. Die grond moet gesond en goeie dreineringseienskappe openbaar. Gebruik liefsvorm nie ou tuingrond nie. Ou tuingrond het normaalweg 'n hoë konsentrasie aalwurmbesmetting en lastige onkruidsoorte soos suring en ander bolvormige onkruid. 'n Ander nadeel van tuingrond is dat dit soms vetterig kan wees sodat water nie maklik "vat" daarop kry nie.

Gebruik die regte kompos (gewone of suur) om plantvoorkeure in ag te neem.

Plaas van die grondmengsel in 'n bak en toets vir dreinerings en voghouvermoë deur dit nat te maak.

Vervolg op bl 5.....



Meeting of 1 May - continue.

3. A a n p a s s i n g v a n gron dmengsels

Dit is raadsaam om aanpassings te maak aan die standaard gron dmengsel voor gebruik om sodoende voorsiening te maak vir spesifieke voorkeure van plante. So byvoorbeeld kan plante met 'n laer waterbehoefte se gron dmengsel met addisionele riviersand aangevul word vir beter dreinerings. 'n Tipiese voorbeeld in die verband is kremetartboompies.

Neem verder in ag dat ons observasie van die groei van plante in die natuur uitwys dat sommige plante redelik grondsensitief is. Lekkerruikpeul verkies gronde met 'n relatief hoë klei-inhoud; Blouhaak verkies 'n meer sanderige grontipe; terwyl Oliehout soet gronde met 'n hoë ysterinhoud verkies.

Bonsai-litteratuur verwys voorts na die praktyk om gron dmengsels aan te pas by die ouderdomfase waarin die boom verkeer. Jonger bome wat geiler moet groei se gron dmengsel word vrugbaarder saamgestel as die van ouer gevestigde bome. Dit word bewerkstellig deur aanpassing te maak aan die sandgrootte en hoeveel kompos in die gron dmengsel. Vir jong groeikragtige boompies kan die sandgrootte kleiner wees en die hoeveelheid kompos effe meer.

4. Uitplant/ herplant van bome (“plant & repotting”)

Ons moet in gedagte hou dat boompies in bestaande potte gewoon is aan die grond waarin hulle tans groei. Om seker te maak dat die groei van plante nie belemmer word deur hulle te verplant in 'n gron dmengsel wat totaal daarvan verskil nie, is dit raadsaam om van die bestaande grond met die nuwe gron dmengsel te meng voor gebruik. Die nuwe en ou grond moet dus versoenbaar wees – ook wat die grond pH betref. Hou ook in gedagte dat ons probeer om toe te sien dat al die wortels goed met grond bedek is en behoorlik met die grond kontak maak. In die proses word grond in die pot aan die kante en onder die wortelmassa ingewerk en ligweg gekompakteer sodat daar nie lugholtes in die grond is nie. Dit is derhalwe belangrik dat die gron dmengsel redelik droog moet wees sodat die gevaar van kleivorming met gepaardgaande **d r e i n e r i n g - e n** deurlugtingsprobleme nie sal plaasvind nie. Dit is ook 'n goeie praktyk om van die grond waarin plante wat uit die natuur

herwin word groei, saam te neem om deel te vorm van die gron dmengsel waarin hulle verplant gaan word. Ons verlaag sodoende wortelskokke en verhoog die kans tot sukses.

5. Nasorg van grond in potte

Die behandeling van grond in potte is ewe belangrik. Moet nie in die grond werk as dit nat is nie. Ons trek gewoonlik onkruid uit terwyl die grond nat is en druk die “gat” wat ontstaan toe en kompakteer sodoende die grond. Wag eerder totdat die grond droog is voordat die plek herstel word. Grondbenutting/ besproeiing moet liefse 'n sagte vorm aanneem. Harde druppels op die gron doppervlakte vernietig gron dstruktuur (saamgebiede gron dkorreltjies). Dit spoel ook hierdie fyner deeltjies om openingtjies op die gron doppervlakte te vul en sodoende vogopneembaarheid en gron ddeurlugting te belemmer. ♣



“DIG” in Port Elizabeth, 23 –25 April 2010 — Brandon Roode



Groot was die opwinding toe ek en Johan Els op 'n vliegtuig geklim het oppad Port Elizabeth toe vir 'n lekker naweek van bome grou! Ons is by die lughawe ingewag deur Org Exley en sy vrou Annette, wat reeds 'n week of wat op verlof was in die Oos Kaap.

Vir die wat nie reeds weet nie, word die Koega hawe-gebied vergroot as deel van 'n massiewe ontwikkelingsprojek wat tans aan die gang is in PE. Tienduisende hektaar grond word ontbos om plek te maak vir onder andere die nuwe hawe en 'n groot nywerheidsgebied.

This means that literally thousands of indigenous trees (some hundreds of years old) are being bulldozed to make way for the new development.



Although it is certainly sad to see the impact of the development on the fauna and flora, we can only hope that the development will at least have some positive results for the local economy.

The dig was arranged by the Eastern Province Bonsai Society (EPBS) with a friendly invitation extended to the Pretoria Bonsai Kai by the EPBS chairman, Ockie Goosen. Digs are only allowed in terms of a permit issued by the Department of Environmental Affairs with some very strict conditions.

Omstreeks 6 uur Vrydagoggend was ek, Org, Annette en

Johan reeds oppad na die “dig site” waar ons ingewag was deur Ockie en sy span helpers wat ons die dag sou help met die harde grouwerk. Ek moet erken dat, alhoewel ek baie uitgesien het om te begin grou, was ek maar skrikkerig dat die reën ons sou vang. Met die temperatuur wat skaars 15 grade sou bereik het die dag, het ek voorstel dat ons maar 'n koue en nat dag gaan beleef!



Gelukkig het die reën weggebly, en kon ons elkeen daarin slaag om 'n paar pragtige bome uit te grou. Ons is elkeen huis toe met ten minste ses bome wat 'n paar knewels ingesluit het, kyk maar na die fotos. Ockie het by tye maar net sy kop geskud vir die drie Pretorianers se klaarblyklike voorliefde vir die groot Olienhoutbome!

Vervolg op bl 7.....

DIG in Port Elizabeth, 23 -25 April 2010 - continue

Nadat ons die bome die nodige nasorg gegee het deur nat koerantpapier en plastieksakke om die wortels te draai en baie water te gee, is die bome versigtig in die sleepwaentjie gelaai vir die 130 km terugtog na ons verblyf in St Francisbaai (wat vriendelik deur Org vir ons gereël was).

Die volgende dag is ons terug PE toe waar ons 'n heerlike braai saam met Ockie en 'n paar lede van die EPBS geniet het.

After a very enjoyable braai we were invited by Ockie to visit his home where we had the opportunity to view his beautiful trees.

All too soon our weekend had come to an end, and we found ourselves preparing for the trip back to Gauteng.



Ons wil dankie sê vir Ockie en die vriendelike mense van EPBS vir die vriendelike uitnodiging, en die gasvryheid tydens ons besoek. Ons sien daarna uit om volgende jaar weer te gaan kuier! ♣

Motivering.

Die foto links is van 'n "Japanese Maple" wat geneem is in 1992. Die regterkanste foto is van die selfde boom en is geneem in 2001, dus net nege jaar se ontwikkeling. Die eienaar van die boom is Suthin Sukosolvisit.



Lede profiel - Ben Kruger

Ben was vir byna twintig jaar voor aftrede die hoof rekenmeester van die “City Council”. Nou geniet hy sy aftrede en het baie tyd vir sy bonsai. Ben sê dat hy eintlik sedert aftrede eers regtig genoegsame tyd aan sy bonsai gee. Ben het ’n pragtige tuin. Daar is rakke en staanders vir sy bonsai wat deel uitmaak van sy tuin uitleg. Als is tot die fynste besonderhede netjies en versorg.

Ben en sy vrou, Daliena, is al 46 jaar lank getroud. Daliena sê dat Ben die beste man op aarde is.

Hulle het twee seuns uit die huwelik. Een wat hier in Pretoria woon en een wat in Bethlehem woon (nie die Bethlehem van die Bybel nie).

Ben sê dat hy toe hy in standard 5 of 6 was ’n advertensie of artikel in ’n tydskrif oor bonsai gesien het en dat dit sy belangstelling geprikkel het. Hy het egter nooit begin met bonsai nie totdat hy in 1996 vir hom ’n Akasia bonsai boompie by ’n kwekery gekoop het. Net daarna het hy ’n uitstalling van die Pretoria bonsai kai besoek en was so beïndruk dat hy dadelik by die kai aangesluit het. Hy het toe die beginnerskurses gedoen. Sedertdien is hy ononderbroke lid van die kai, dus die afgelope 14 jaar. Ben is ook op die kai se bestuur. Die Akasia wat sy eerste boom was het egter een of ander tyd gevrek.

Ben sê dat die beoefening van bonsai hom absolute plesier verskaf. Dit maak hom rustig as hy met sy bome werk en dit is ook innoverend. Ben sê dit gebeur dat hy vir lank ’n boom net op die rak laat staan en dan skielik eendag sien jy die boom in die plant. Ben het ongeveer 100 bome in sy versameling. Ben het al verskeie kere demonstrasies by die kai gedoen.



Ben se gunsteling boom is ’n Bougainvillea wat hy so 3 jaar gelede uitgegrawe het toe daar naby sy huis met ’n nuwe behuisings ontwikkeling begin is. Dit is die boom op die foto saam met Ben. Die boom is verlede jaar by ons konvensie deur Farrand Bloch as die vierde beste boom op die konvensie gekies, en is ook ingesluit in die tydskrif ‘Bonsai Focus’ van wie Farrand die redakteur is. Ben is baie trots daarop. Ben is ook baie lief vir ’n Koraal boom van hom wat die afgelope paar jaar blom.

Ben sê dat hy nie gunsteling soorte bome het waarmee hy werk nie en het ’n groot verskeidenheid in sy versameling. Hy beoefen ook omtrent al die style wat daar is en laat elke individuele boom hom lei tot sy eie styl. Hy hou wel baie van bome wat natuurlik lyk en informeel is.

Soos wat julle in hierdie uitgawe sien, by “Tip of the month”, is ’n stokperdjie van Ben om “Polystyrene” rotse, mure en potte te maak wat hy gebruik by sy bonsai. Ben sê dat dit lekker lig is om te gebruik. As gevolg van sy ouderdom maak hy ook deesdae al hoe kleiner bonsai.

Ben sê dat hy ook nog nou en dan ’n boom laat vrek maar hy ‘stres’ nie daarvoor nie – ‘as hy gaan gaan hy’ sê Ben. Hy geniet wat hy bereik het in die bonsai kuns en hoe sy versameling op die oomblik daaruit sien.

Ben glo die uur se werk aan bome voor die vergaderings moet uitgebrei word sodat meer lede baat daarby kan vind.

Dankie aan Ben vir sy bydra in die kai.



Mini skou - Deur Wilma Wilson

Een Maandag het ons trotse bome-pa ons na Ja-karanda Sentrum geneem waar allerhande vlae en balle ons verwelkom het. Daar was ook baie ander bome wat elkeen verskillend gelyk het.

Almal wat verbyloop het eers vasgesteek en ons bewonder. Natuurlik het ons dit verdien! Hulle het baie vrae gevra en die helpers moes net bontstaan om vir almal te vertel hoekom ons so mooi is. My blare het later gebewe; dit was net style snoei, drade buig, natmaak ens. Een tannie het gese ons is die Here se boomtaal, terwyl party net aan ons wou voel of ons regtig is. Almal het ons so bewonder!

Ons het maar saggies gelag toe iemand ons jammer kry omdat ons dan so verniel is. Party het gevra of ons spesifieke boompies is wat net klein kan bly of moet hulle spesiale goed in ons grond gooi, sodat ons nie kan groter groei nie. Later het die helpers aan ander plante begin snoei om soos ons te begin lyk. Die mense was verstom; toe moes jy die vrae hoor!

Saans is ons met groot sorg in 'n nare donker winkel gebere, en soggens weer uitgedra. Dan het die komplimente weer ingestroom en moes ons ons beste blare voorsit vir die selfoon-kameras. Verbeel ek my of het party tannies hulle mans by ons gelos terwyl hulle in vrede gaan inkopies doen? Nie dat ons omgegee het nie; dit is mos lekker as mense dink ons is wonderwerkies.

Na 'n week rus ons nou bietjie. September moet ons reg wees, dan pronk ons weer. Wonder of hulle weer vir ons so baie vlae gaan uitsit.... ♣



Nuwe Talent Kompetisie

Gedurende die vergadering van 1 Mei het lede met minder as tien jaar ondervinding in die beoefening van bonsai aan die kai se Nuwe Talent Kompetisie deelgeneem. Die wenner en naaswenner het by die BRAT vergadering van 29 Mei aan die streeks kompetisie deelgeneem. By die BRAT byeenkoms is al die kai's van die streek verteenwoordig.



Bo is Duvan Horn

Onder is Cory Meerholtz

Ons is baie dankbaar dat daar ses van ons lede aan ons eie kompetisie deelgeneem het. Hulle was Lindie Larney, Duvan Horn, Gerhard Derks Brandon Roode, Kobus van der Merwe en Cory Meerholtz.



Die bome waaraan gewerk en gestyl moes word was die "Juniperus Procumbens Nana". Daar was looitjies getrek om te bepaal watter boom aan elke lid gegee is om aan te werk. Die bome was naastenby van die selfde gehalte en grootte.

Vervolg op bl 11.....

**Regs is
Gerhard Derks**



Nuwe Talent Kompetisie - vervolg

Lede het aan die bome gewerk terwyl die vergadering plaasgevind het en is omtrent twee uur gegee om die boom te styl. Daar was nie verwag dat die boom in 'n bonsai bak geplant hoef te word nie.



Nadat die ses lede klaar was het Charles Ceronio die bome beoordeel. Charles het nie geweet watter lid aan watter boom gewerk het nie. Charles se keuse vir die wenner boom het gegaan aan Brandon Roode en die naaswenner was Gerhard Derks.

Bo is Brandon Roode, die wenner.

Onder links is Kobus van der Merwe en regs is Lindie Larney.

Al vyf bome was van hoë gehalte en die lede wat deelgeneem het kan trots voel op hul pogings.



Die fotos wat ek van die voltooide bome plaas wys natuurlik nie regtig mooi hoe die bome gelyk het nie. ♣

Pieter du Plessis het met ons die volgende interessante feite gedeel wat hy raakgelees het oor hoeveel water daar gebruik word om eendelik by 'n produk uit te kom.

Neem byvoorbeeld die maak van 'n katoen T-hemp. Die totale water verbruik neem in ag die natmaak vir die groei van die katoen, die proses om die katoen te oes en te verwerk, die proses om die katoen te kleur, die proses om die materiaal te maak, die proses om die T-hemp te maak ens.

Onthou dus volgende keer as jy so vinnig 'n T-hemp oor jou kop trek dat ongeveer 3450 liter water gebruik is om hom te maak.

WATER BEHOEFTE	
1 KOPPIE KOFFIE	170 l
1 GLAS MELK	240 l
HAMBURGER	2850 l
T-HEMP	3450 l
DENIM BROEK	13 000
1 kg BEESVLEIS	15 000

SNIPPETS

Report back.

In the third edition of 2009 I placed the first two pictures below of Otto Koekemoer who was the winner of the New Talent competition, which was held on 2 May 2009. The picture at the bottom was taken on 1 May 2010 of the same tree, to show that the tree is still growing strong. It is exactly a year later. Otto has planted the tree in a bonsai pot and is still developing his tree. ♣



Terugvoering.


Gedurende die vergadering van 2 Mei 2009 het Ben Kruger 'n demonstrasie gedoen oor die "Raft" styl. Ben het 'n Juniperus Procumbens Nana gebruik vir sy demonstrasie. Ek het in uitgawe drie van 2009 die twee fotos geplaas van die Ben se werk op daardie dag. Die heel onderste foto is van dieselfde boom. Ek het die foto op 8 Junie geneem. Ek hoop om weer oor 'n jaar of wat die boom te wys sodat ons kan sien hoe hy ontwikkel. ♣



Vergadering van 5 Junie

“Tip of the month” - Deur Ben Kruger

Ben het aan ons gewys hoe hy rotse en ander interessante bykomstighede soos mure maak uit ‘polystyrene’. Ben het ’n paar voorbeelde gewys wat hy al gemaak het, waarvan ek die fotos plaas. Ben het ’n sny apperaat gemaak waarmee hy die ‘polystyrene’ sny. Dit werk met krag en maak ’n dun draad warm wat dan die snywerk doen. Wanneer hy die vorm van die rots of die muur voltooi het verf Ben dit met verf of ‘cemcrete’ en sit ook op van die ontwerpe sand om ’n natuurlike voorkoms te gee. Julle kan sien dat die skeppings regtig natuurlik lyk. Ben het ook demonstreer hoe hy ’n groot blok ‘polystyrene’ sny met sy apperaat. Ek hoop om later wanneer hy die ontwerp voltooi het en ’n boom daarop geplant het weer terugvoering te gee. ♣



Vergadering van 5 Junie

Die tema van die vergadering was: Uitleg van 'n bonsai tuin. Jaco het 'n aanbieding op skerm gewys. Hy het kortliks, en op 'n baie eenvoudige manier, gekyk na drie aspekte wat bome nodig het om te groei. The following was said: Plant transpiration is how plants breathe. The leaves of trees are factories producing sugar. This is called photosynthesis. Photosynthesis is the process where plants make their own food from sunlight. **LIGHT ENERGY.** Light energy is obtained from the sun. Photosynthesis can happen in plants because they have chlorophyll. Chlorophyll is the pigment that makes plants green. Chlorophyll captures the Sun's energy and uses it to make sugars out of carbon dioxide, water and nutrients. Carbon dioxide enters the leaves through pores in the leaves called stomata.

Water and nutrients enters through the roots. After plants use the sun's energy to make their food, plants release oxygen and water vapor into the air. When leaves release water vapor it is called evaporation. The water is



usually in the form of invisible droplets. The water vapor in the air is called humidity. As a plant transpires, the humidity immediately surrounding the leaves will become saturated with water vapor. When gasses surrounding a leaf become saturated with water vapor (100% humidity), there is no place for the next molecule of water vapor to evaporate to. The end result is that water vapor is not evaporating, so water and nutrients are not being drawn up from the root zone and carbon dioxide cannot be absorbed by the leaves.

Vervolg op bl 15.....



Vergadering van 5 Junie – vervolg



The tree would slowly choke on its own transpired gasses and water vapor. Airflow around the tree is important to remove the water vapor and bring fresh carbon dioxide in contact with the leaves in order for the tree to take up water and nutrients.

Jy moet dus ingedagte hou dat:

1. Jou bome lig energie nodig het en dit kry ons van die son.
2. Daar lug sirkulasie om die bome moet wees.
3. Jy moontlik humiditeit gedurende droë warm toestande moet skep.

Daar is moontlikhede en voorbeelde van bogenoemde gewys. Daar is ook gewys wat moontlik gebruik kan word vir rakke of staanders. Dit het ingesluit hout, beton, 'n kombinasie van die twee asook ander moontlikhede. Jaco het toe 'n klompie tuine (wat van die lede se tuine ingesluit het) gewys om lede te inspireer en idees te gee. ♣



Bonsai Kalender – Deur Francois van As

Francois het bietjie navorsing gedoen oor wat om hierdie tyd van die jaar met ons bonsai te doen. Hy het vir my die volgende gegee:

Vir sommige van ons is die Bonsai-kalender al tweede natuur, maar vir ander van ons, wat nog ons voete in die kweek van Bonsai moet vind, is dit belangrik om te weet wanneer wat gedoen moet word.

Ons hier in Pretoria is geseënd met 'n baie gematigde klimaat wat hom uitstekend daartoe leen vir die kweek van Bonsai.



Winter

Gedurende die wintermaande is ons boompies nie baie aktief nie, maar dit beteken nie dat ons agteroor kan sit en niks doen nie. Groei neem af en die bladwisselende boompies verloor hulle blare.

Gedurende Junie:

- Watertoediening
Omdat die boompies nou nie baie aktief is nie moet die toediening van water matig plaasvind. Die groei-medium moet klam bly en mag nie uitdroog nie.
- Uitermatige koue
Alhoewel Pretoria se winters nie baie koud raak nie is daar wel gebiede waar ryp voorkom. Ons moet ook maar bedag wees op

daardie paar koue dae. Wanneer vriestemperature wel bereik word kan boompies in vlakke bakke moontlike skade opdoen.

- Bemesting
Bladwisselende bome word nie bemes nie. Immergroen bome kan 'n bietjie bemesting ontvang.
- Snoei
Die van ons wat nie kan wag nie kan reeds teen die tweede helfte van Junie begin snoei.

Gedurende Julie:

Ons is nou in die middel van die winter en daar kan met alle erns gesnoei word. Dit is nou ook tyd vir bedrading. Immergroen bome kan ook nou teruggesnoei word. Immergroen bome kan matig bemes word.

Gedurende Augustus:

Hoewel temperature nou gaan begin styg kan ons steeds 'n paar koue dae of selfs ryp te wagte wees. Die lente is op pad en voordat ons bome begin uitloop moet hulle uitgeplant word, dit kan so teen die einde van Augustus gebeur.

Francois van As



“Bonsai is a patience art, a waiting art, in which you might have to wait three, four, five or ten years to see the development of a beautiful tree. Just like children.” Megumi Bennett.